**Sing vooraf staande:** Psalm 89:6 (p. 445)

6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 47:1 (p. 240)

1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!
Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef,
sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***

***Vergifnis:***

- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

**Amen.**

Psalm 66:2 (p. 320)

2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.
Smeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.

Skriflesing: Jakobus 3
Teks: Jakobus 3:1-12; Kategismus Sondag 43

Daar staan in Psalm 34:14 dat jy jou tong moet bewaar vir wat verkeerd is, en jou lippe dat hulle nie bedrog spreek nie! Om te sorg dat dit gebeur, het ons twee gebooie ontvang.

- Dis die derde gebod wat ons verbied om met die mond die Naam van God te ontheilig en te skend.
- En die negende gebod wat ons verbied om enige valse getuienis teen ons naaste te spreek.
- *Die strekking van al twee gebooie is dieselfde – die een betrek net God en die ander een jou naaste.*

Uit hierdie en ander uitsprake in die Skrif is dit duidelik dat die gesproke woord geweldige krag dra.

- Met die woord kan daar oneindig baie bereik word,
- maar ongelukkig ook net so baie afgebreek word.
- Ons sien dit in ons tyd byvoorbeeld met die pers.
    - ’n Onbenullige saak kan tot iets geweldigs opgeblaas word.
    - En iets belangriks kan doodgeswyg word.

Jakobus het al hierdie dinge besef.

- Jy kan oënskynlik lyk na ’n luisteraar van die Woord, maar in dit wat jy kwytraak met jou mond, kan jy jouself bewys as ’n ongelowige.
- Dan toon jy dat jy met jou luister maar net jou ongeloof bedek.

Jakobus gebruik die beeld van ’n perd wat deur die mens beheer word deur ’n stang in sy bek.

- Dis maar ’n klein stukkie instrument, maar nogtans beheer dit die hele lyf van die dier.
- Met die skepe is dit dieselfde. Sy stuur is in verhouding dalk nog kleiner as die stang wat die perd stuur, maar dit stuur die skip selfs deur die grootste storms.

So kan jou tong jou lewe in die hemel instuur,… of jou tong kan jou eendag in die hel laat beland.

- Jou woorde kan jou in liefde met God en met jou naaste laat bly,
- of dit kan jou in voortdurende konflik met God en met mense bring.

Nou is die merkwaardige dat laster teen die Here en laster oor jou naaste baie keer saamgaan.

- Die mense wat die een doen, laat meestal ook die ander een nie na nie!
- Die verbod op laster hang ook nogal saam met die verbod op diefstal, want om jou naaste se naam te beswadder is baie naby aan jou naaste se eer te steel!

In hoofsaak is daar egter vier dinge waarop die negende gebod ons wys:

**1. Eerstens wys dit ons op die veelvuldigheid van hierdie sonde.**
**2. Tweedens toon dit ook aan ons die aard van hierdie sonde.**
**3. Derdens toon dit ook baie duidelik die bedreiging van God se straf oor hierdie sonde aan.**
**4. Vierdens eis dit die waarheid in die plek van die leuen.**

**1. Oor die sondes van die tong sou mens sekerlik ’n boek kon skrywe.**

Daar is baie tongsondes. Die belangrikstes word genoem in die Kategismus.

- Valse getuienis lewer. Dis om in die hof iets anders as die waarheid te vertel.
- Nou ken ons die waarheid in hierdie soort sake: die reg kan so baie kere nie gehandhaaf word nie omdat die getuienis vals is.

Die Kategismus is baie eng in sy bepaling van getuienis.

- Daar mag teen “niemand” valse getuienis gelewer word nie.
- Ons sou by onsself kon oordeel dat mens dalk teen ’n ongelowige of teen jou vyand valse getuienis mag lewer.
- Maar duidelik word dit gestel: teen niemand enige valse getuienis nie.

Dit is so dat daar nie net in die hof getuienis gelewer word nie.

- Valse getuienis raak ook al die ligvaardige leuens oor ons naaste wat ons soms in geselskap verkoop.
- Die leuens wat ’n man en vrou teenoor mekaar vertel om die sogenaamde vrede te bewaar.
- Die getuienis wanneer jy met die rondvra by huisbesoek te kenne gee dat jy jou huisgodsdiens op standaard hou, terwyl dit nie die geval is nie.

*Die saak van valse getuienis raak kritiek wanneer mens die gesprekke beluister van mense wat nydig op mekaar is. Dit ontaard in getuienis oor jou naaste wat ver tekort skiet by die eer wat hy/sy dalk voor God mag hê.*

Verder voeg die Kategismus ook nog by die tongsondes die verdraaiing van jou naaste se woorde.

- Dis die stertjie wat die storie bykry.
- Of die belangrike woord wat net verswyg word.

- Ons het mos die manier om soms ’n gebeurtenis net so effens in te kleur sodat die verhaal kan “loop” – sonder dat ons met besinning besef dat dit ’n skreiende oortreding is.

Dis maar presies wat die Jode gedoen het met Jesus se woorde aangaande sy sterwe en opstanding.

- Byvoorbeeld dat Hy die tempel sou afbreek en opbou binne drie dae.
- So kom die opskrif bokant Jesus se hoof by die kruis: Die Koning van die Jode.
- Dit was waar, maar die vertolking en die geskiedenis van die saak was beslis nie reg nie! Dit was so verdraaid dat die kruisiging juis die gevolg was!

Die satan het self ook met die Bybel gewerk. Hy doen dit vandag ongetwyfeld ook nog.

- Dink maar waar hy vir Jesus daarop wys dat daar geskryf staan dat die engele Hom op die hande sou dra dat Hy sy voet nie sou stamp nie.
- Hy het dit gebruik as ’n aanbeveling om van die dak van die tempel af te spring! Waarop Jesus die balans tussen hierdie vers en die waarheid aantoon: Ja, maar jy mag die Here jou God ook nie versoek nie!

Verder noem die Kategismus op sy lys: geen kwaadspreker wees nie en ook nie ’n lasteraar nie! Basies is die twee dinge maar dieselfde.

- Meestal is al twee hierdie dinge deur haat en afguns geïnspireer.
- Dan is dit daarop gemik om jou naaste – of hy skuldig is of onskuldig, maak nie saak nie – kwaad aan te doen.

Maar hierdie toestand kan ook ontwikkel uit onnadenkendheid.

- Baie van ons is praatsiek in die oortreffende trap.
- Ons kan nie wag om die geselskap te oorheers nie – en dan deur eers die sogenaamde skindernuus te vertel.
- Baie van die dinge wat so oorvertel word, is dinge waarvan nie gepraat behoort te word nie,
    - want daarmee breek ons ons naaste se eer af; en
    - berokken ons hom onnoembare skade!

Ons is dan byna soos Job se vriende wat maar kortsigtig was en elke keer vir Job probeer oortuig het dat hy die Here moet vervloek en sterf.

- Daarom noem die Kategismus verder “onverhoord oordeel of help veroordeel”.
- So ’n wysheid wat jy jouself verbeel dat jy dit het, is meestal baie ver van die waarheid af. ’n Bewys daarvan is die verhore van Paulus.

So ’n selfkennis is eintlik niks anders as die soort hoogmoed wat deur God vervloek is nie!

- Sulke mense beskou hulleself as selfaangestelde regters wat baie maklik verkeerd kan oordeel en mense vervloek,
- en meestal dien tot meer skade as goed in die samelewing!

Wie van ons ken werklik die siel van ’n medemens? Sekerlik tog net die Here alleen!

- Wie gee dan aan ons die reg om met ons uitsprake en oordele in ons skinderpraatjies die weegskaal van God te gebruik?
- Die Here sê mos ons moenie oordeel nie, want die oordeel kom Hom toe.
- Met die oordeel waarmee ons oordeel, sal ons ook eendag geoordeel word!

Die woorde “dat alle lieg en bedrieg as werke van die duiwel” afgelê moet word, is maar eintlik net ’n samevatting van die hele saak!

- Baie keer lyk ’n leuen onskuldig, maar om te lieg is ’n ernstige geestelike kwaal.
- Hoe sal ons die doopbelofte kan nakom as ons en ons kinders valse getuienis lewer?

**2. Die aard van hierdie sonde**

Die aard van hierdie sonde is deur en deur van die duiwel.

- Dis nie sonder rede dat die Kategismus dit die eie werke van die duiwel noem nie. Ons lees dit in Johannes 8:44:

  **Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was ’n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy ’n leuenaar is, en die vader daarvan.** (Johannes 8:44 AFR1953)

’n Bewys dat die satan tot absoluut niks goeds in staat is nie, is die aandeel wat hy het in die val van die mens.

- Selfs van sy beloftes het daar niks waar geword nie. Dit was leuens.
- Die ervaring bewys dat die leuens wat posgevat het onder die godsvolk van die Ou Testament, baie profete hulle lewens gekos het.
- Die leuens van die mense rondom Jesus bewerk uiteindelik sy dood.
  - Leuens het sedertdien baie martelare laat sterf.
  - En ook vele ketterye in die kerk laat ontstaan!

Nou eis die Here van ons ’n ware geloof – ’n geloof waarin ons nie leuens ’n deel maak van ons daaglikse lewe nie.

**3. Die bedreiging as ons nie hierdie gebod gehoorsaam nie**

Dis God se toorn. Uiteraard weer vanselfsprekend. Want as die leuen van die satan af kom, kan jy tog nie die seën van God verwag as jy leuens vertel nie!

Die Here gebruik die dreigement van sy straf om ons te laat besef wat die kern van hierdie saak is.

- Die oordeel aan hierdie gebod verbonde is om ons te laat besef dat leuens en valse getuies nie sommer ligtelik verbygaan nie.
- Dis werklik ’n saak van lewe en dood.
- Dis ’n saak van stryd tussen God en die satan.
- Die dinge wat jy met jou tong kwytraak, openbaar by wie jy jouself skaar.

Dit sal ’n droewe dag wees as die Here weer op die wolke kom vir die mense wat hulle by die satan teen God geskaar het!

- Die vrees vir God se toorn sal ons dus laat bid vir God se krag ook in die onderhouding van hierdie gebod.
- Dit sal die begeerte by ons laat ontstaan dat die Heilige Gees sy werk ook in hierdie gebod in ons kan laat geld.

Uiteindelik bewerk dit genade aan ons.

- Die behoefte om te deel in God se liefde.
- Dit beteken dat ons die waarheid moet liefhê en van elke vorm van leuen moet afstand doen!

**4. Vanselfsprekend bring dit ons by die vierde saak wat deur die gebod aangeraak word, naamlik om ’n besondere liefde vir die waarheid te koester.**

Wanneer ons besef waar die sonde van valse getuienis vandaan kom, en ook begryp watter oordeel van God ons gaan tref as ons kwaadpraat of skinder van ons naaste, bly daar eintlik niks anders oor as net ’n spontane liefde vir die waarheid nie.

- Dan beweeg ons op die pad van die wedergeboorte.

- Dit is die geloofspad waar ons in die lig van God in Jesus Christus glo, en dit deur die werking van die Heilige Gees ontvang.
- Dis die weg waar ons die waarheid spreek van God – waar ons nie die Heilige Gees bedroef nie, en ook nie die Naam van God laster nie!

Ons moet nie net nie die eer van ons naaste beswadder nie! Ons moet juis die teendeel doen, naamlik ons naaste se eer beskerm en bevorder!

- Ons moet liewer swyg as ons dan nie die eer van ons naaste wil of kan bevorder nie.
- Ons besef almal dat nie een van ons ten opsigte van hierdie gebod onskuldig staan voor die regterstoel van God nie.

Daarom moet ons waak en bid dat ons nie die Heilige Gees wat in ons werk bedroef nie, maar hierdie gebod uitleef tot God se eer.

Ons moet besef dat daar ook vir die oortreding van hierdie gebod vergewing moontlik is.

- Daarvoor is Jesus belieg, beswadder en beledig.
- Die tong van die kerkmense het hom teen die kruis vasgelieg sodat ons oortreding ons vergewe word – ook teen hierdie gebod.

Wat staan hieroor in ons belydenis geskryf in die Heidelbergse Kategismus Sondag 43?

***112. Vr. Wat wil die negende gebod hê?***

***Antw.*** *Dat ek teen niemand valse getuienis mag aflê nie (a), niemand se woorde mag verdraai nie (b), geen kwaadspreker of lasteraar mag wees nie (c), niemand ligvaardig en onverhoord mag oordeel of help veroordeel nie (d); maar alle lieg en bedrieg as die eie werke van die duiwel (e) moet vermy, tensy dat ek die sware toorn van God op my wil laai (f); so ook, dat ek in die gereg en alle ander handelinge die waarheid moet liefhê, opreg spreek en bely (g); ook my naaste se eer en goeie naam na my vermoë moet verdedig en bevorder (h).*

**Amen.**

Slotgebed

*Leer ons U regte weë, Here, en wys ons die regte pad aan; maak ons hart toegeneë om met lus daarop te gaan. Leer ons U waarheid en lei ons gedagtes waar dit ookal dwaal, sodat ons altyddeur ons heil van U kan verwag. Ons bid dit om Jesus Christus ontwil.*

***Amen.***

Slotpsalm 42:7 (215)

7 O my siel, waarom onrustig? / En wat buig jy jou in my?
Waarom in Gods lof onlustig / as dié spotstem jou bestry?
Menigmaal het Hy jou druk / laat verwissel in geluk.
Hoop op God, in Hom weer rustig! / In sy lof sal ’k my verlustig.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Dr MJ du Plessis**
**Gereformeerde Kerk Bellville**
**Datum: 14 November 2010**

**Tekste:**

(a)
Spr 19:5 ’n Valse getuie bly nie ongestraf nie, en hy wat leuens uitstrooi, sal nie vrykom nie.
Spr 19:9 ’n Valse getuie bly nie ongestraf nie, en hy wat leuens uitstrooi, kom om.
Spr 21:28 ’n Leuenagtige getuie kom om; maar ’n man wat goed toeluister, spreek vir altyd.
(b)
Ps 15:3 wat nie rondgaan met laster op sy tong nie, sy vriend geen kwaad doen en geen smaadrede uitspreek teen sy naaste nie;
Ps 50:19, 20 Jou mond laat jy los in boosheid, en jou tong vleg bedrog. Jy sit en praat teen jou broer, die seun van jou moeder beskimp jy.
(c)
Rom 1:30 nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpraters, uitvinders van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers;
(d)
Matt 7:1 Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie.
Luk 6:37 En julle moet nie oordeel nie, dan sal julle nooit geoordeel word nie. Julle moet nie veroordeel nie, dan sal julle nooit veroordeel word nie. Spreek vry, en julle sal vrygespreek word.
(e)
Joh 8:44 Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was ’n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy ’n leuenaar is en die vader daarvan.
(f)
Spr 12:22 Valse lippe is vir die HERE ’n gruwel, maar Hy het ’n welbehae in die wat getrou handel.
Spr 13:5 Die regverdige haat leuentaal, maar die goddelose maak gehaat en handel skandelik.
(g)
I Kor 13:6 is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid.
Ef 4:25 Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede.
(h)
I Petr 4:8 Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê, want die liefde sal ’n menigte sondes bedek.